DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**23 Oktober 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

***Eredienste begin 09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Spreuke 4: 20 - 27 asook Matteus 12: 33 - 37 |
| **Tema** | As jou hart reg is, is jy op die regte pad. |
| **Sang** | Psalm 18: 1, 11<br>Psalm 25: 2<br>Skrifberyming 8-1: 1, 2<br>Skrifberyming 14-1: 1, 2<br>Psalm 37: 17, 19, 23 |

In jou vertroue op God en in jou luister na Hom en in die inspanning om die regte pad te vind en daarop te hou, is daar miskien min dinge wat so belangrik is, as om jou hart – jou binnekant – bo alles te bewaar, om versigtig om te gaan met jou diepste oortuigings en motiverings: “Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe” (4:23).

Hart het hier te make met jou gedagtes en jou binnewêreld, jou binnekant, die plek waar die onderskeiding gebeur tussen dit wat goed is en dit wat sleg is.  Nou, hoewel met ’n oppervlakkige lees van Spreuke, die woord hart net een keer in die NAV voorkom, kom dit in die oorspronklike Hebreeus eintlik ongeveer 80 keer voor, meestal in die betekenis van die binnekant van die mens. Hart is daarom nie net die sentrale lewensorgaan nie, maar die setel van die denke, en dat dit oor jou diepste oortuiginge gaan, dinge wat jy in jou diepste binneste dink, dws in jou hart dink.  Dit is die dinge waarmee jy versigtig moet omgaan.

Matteus beklemtoon dit: As jou hart sleg is, gaan jy slegte dinge sê en doen en as jou hart goed is, gaan jy goeie dinge sê en doen. Nou is dit so dat ons in sonde ontvang en gebore is. Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat – so bely ons in vraag en antwoord 5 van die Heidelbergse Kategismus. Ons is dus met ‘n slegte hart gebore – daarom hierdie neiging in die wêreld om slegte dinge te sê en te doen.

Kom ons ondersoek ons harte sorgvuldig en kyk waar ek staan in my verhouding met die Here. Deur die Woord en die Gees het Hy vir ons nuwe harte gegee. Ons Here Jesus Christus het ons met die Vader versoen deur die grootste daad van liefde ooit deur Homself op te offer en aan die kruis te sterf. Wanneer jy by Christus jou verlossing vind, lewe jy uit Hom. Dan lewe jy al meer soos Hy. Dan word jou lewe 'n liefdesoffer aan die Here. Dan gee jy liefde, omdat jy liefde ontvang het. Dan praat jy die taal van die Heilige Gees en word Christus se hande en voete op aarde.

As daar goeie dinge in jou hart is, gaan jy goeie dinge sê en doen en as daar slegte dinge in jou hart is, gaan jy slegte dinge sê en doen. Jou verhouding met God bepaal jou hartgesindheid en jou manier van dink, jou binnekant bepaal jou pad. Jy moet die pad stap wat God wys. Spreuke sê in die '53 vertaling: "Maak die pad van jou voet gelyk, en laat al jou weë vas wees," en v 27: "wyk nie regs of links af nie, (en) hou jou voet ver van boosheid." Soos die wyses inderdaad later sal eggo: "Luister, my seun, soek die regte insig: bly op die regte pad" (Spr 23:19).

Deur vir jou bakens op te rig op jou pad, en daarvolgens koers te hou, sal jou nie net op die regte pad hou nie, maar dit 'n vreugde maak, nie net vir jouself nie, maar ook vir ander wat jou hoor en sien.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat swak is en in die hospitaal aansterk. Ons bid vir Martie en Johan wat hom bystaan in die tyd.
* Ons innige simpatie met Paul vd Merwe en Rioni Combrinck wie se dogter/suster aan kanker oorlede is. Mag ons Vader julle in die seertyd deur die Heilige Gees troos en versterk.
* Ons is baie dankbaar dat Truia Pretorius so goed herstel na haar operasie.
* Onthou die seniors se ete op 9 November.
* Ons bid vir ons kinders en studente wat DV die week eksamen skryf. Sterkte met die studies.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 23 OKT

**Diensbeurt: Wyk 13**
**Ouderling: Kudu Pretorius**

**Katkisasie: Les 21**
**Diaken: Jan-Albert Coetzee**

***Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.***

**Eredienste begin 09:30**

# TEESKINKBEURTE



**23 Oktober 2022**
**Wiekie van Ree**
**Nelmarie Venter**
**Toesie Weideman**

**30 Oktober 2022**
**Nelie Badenhorst**
**Benita Barkhuizen**
**Alwina Beyneveldt**
**Elzanne Botha**
**Lynn-Marie Combrink**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 24 Okt | 18:00 | *Kerk* | Diakens verg |
| 25 Okt | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 25 Okt | 18:00 | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| 26 Okt | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 26 Okt | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 27 Okt | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 27 Okt | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 23 Okt | Andries Linde<br>Christiaan Hoogendyk | 60<br>41 | B<br>B | 083 250 3902<br>084 802 3323 |
| Ma 24 Okt | Johann Maré | 42 | B | 081 042 1782 |
| Di 25 Okt | Rikus Fouché<br>Kruger Oosthuizen | 38<br>4 | B<br>D | 083 414 0584<br>082 488 7577 |
| Do 27 Okt | Sheryl vd Merwe | 63 | B | 082 475 7667 |
| Vr 28 Okt | Nelmarie Venter | 43 | B | 082 752 1637 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| So 23 Okt 1976 | Ben & Sarie Bronkhorst | 46 | 082 808 7670<br>082 819 9164 |
| So 23 Okt 2010 | Mario & Sheralyn Jv Rensburg | 12 | 084 785 2598<br>084 785 3598 |
| Ma 24 Okt 1981 | André & Sheryl vd Merwe | 41 | 082 453 5366<br>082 475 7667 |
| Sa 29 Okt 1960 | Hannes & Pietra vd Walt | 62 | 084 602 4057 |
| Sa 29 Okt 1977 | Hennie & Patty Pelser | 45 | 072 376 8931<br>072 376 8967 |


Gesamentlike Sustersafsluiting
vind plaas op
5 November 2022 te
GK Pietersburg.
Kom kuier saam met
ons vanaf 10:00.
Koste beloop slegs R100.00
RSVP teen
31 Oktober 2022 by
Nelie Badenhorst op
074 663 5377

# SENIORBURGER AFSLUITING

***Die susters nooi almal 60 jaar en ouer uit na die jaarlikse Seniorburger Afsluiting.***

Die afsluiting sal plaasvind op ***Woensdag 9 November 2022.*** Ons kom so vanaf 11:00 bymekaar om 12:00 behoorlik bederf te word met lekker kos, poeding, koffie en tee ens.



Kom kuier saam met ons en kom geniet die dag saam met almal.

***Om dit vir die susters makliker te maak is daar 'n lys opgesit agter in die portaal om jou naam op te sit.***

Die spreukwoord sê ***"If you snooze you loose"*** , so voorkom teleurstelling en sit jou naam vroegtydig op die lys.

Hoop ons sien almal daar op Woensdag 9 November.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Tot dit alles is ek in staat deur Hom wat my krag gee.*
*Filippense 4:13*

## NAGMARK

Soos almal nou al weet beplan ons 'n Nagmark op Vrydag 28 Oktober.

**Die gemeente word versoek om ons asb hulp te gee met skenkings / donasies van :**

* **Suiker, olie, meel, eiers , kaneel, hulp by die stalletjies,ou klere, items vir die Wit Olifant tafel en enige ander items wat by die Nagmark verkoop kan word.**

Ons beplan om 'n reuse sukses te maak van die geleentheid en dit sal slegs kan gebeur as almal inspring en kom help en ons kom ondersteun op 28 Oktober.

# NAGMARK




Ons hou basaar ***"NEE NEE ons hou die beste NAGMARK ooit"*** op Vrydag 28 Oktober 2022.

Ons beplan om soos gewoonlik stalletjies soos **Wit Olifant tafel, koek en gebak tafel, pannekoek tafel, wors broodjies en koeldrank en water stalletjie** ens te hê. Daar sal ook 'n springkasteel en waterglybaan wees om die kinders besig te hou.

***En die beste van die aand sal die bees op 'n spit wees, vir aand ete. Kaartjies sal teen R100.00 per volwassene en R50.00 vir laerskool kinders verkoop word. Saam met dit sal daar pap en sous asook slaai en VARS gebakte brood bedien word.*** *Ete kaartjies is nou beskikbaar by die kerkkantoor asook by Daleen Coetsee.*

Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die aand is welkom, bv. enige handgemaakte items ens. Die stalletjie sal jou R 200.00 kos, 'n "bargain" soos min.

Enige skenkings kan nog gedoen word. - kontak vir Daleen: 079 490 2678.

Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan op jou kalender.

# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

Hand 16: 23…Paulus was in die tronk, hul het gebid en lofliedere gesing. Daar was 'n aardbewing en die tronkdeure het oop gegaan.

Die bewaarder het geglo hul het ontsnap en wou homself om die lewe bring. Paulus sê NEE! Ons is almal hier.

Die bewaarder het neergeval en gevra wat moet ek doen om gered te word?



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

Hand 16:31 Toe sê Paulus:

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.

32, aan hulle is die Woord van die Here verkondig en hy en al sy mense is gedoop.

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam….

- Ons het verlede keer gehoor ons almal verdien om hel toe te gaan.
- Besef jy dit?
- Nou die vraag glo jy?
- In wie, hoekom glo jy en wat glo jy.



## Praat in die krag van God

- Waarom moet jy glo?
- In wie glo jy?
- Hoe moet ek glo?
- Hoe begin ek om te glo?

**Hierdie vrae sal ons in die volgende paar keer behandel.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

***Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan,***
***want dit bepaal jou hele lewe.***
***Spreuke 4: 23***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS